

# Graad 5: Waterwagters

## Kwartaal 3: Weke 6-7

Hoe kan ons ten beste ons kennis en idees by die Waterwagters-Bewustheidsdag met ander deel sodat hulle beseft hoe belangrik water is en dit met respek begin gebruik?

Ons Waterwagterspan: \_\_\_\_\_

**Hou boek van hoe julle vorder. Merk aan die einde van elke stap die blokkie as jy tevrede is.**

Les en Datum	Wat doen ek?	Regmerkie
<b>Les 1:</b> Datum: _____  	<b>Les Een: Die Wateravontuur begin!</b> <b>Waarom is water belangrik?</b> Staan reg om in die wonderwêreld van water in te duik! In hierdie opwindende les gaan jy 'n pretspeletjie speel om te verstaan waarom water so belangrik is. Jy sal ook 'n storie oor water in die ware lewe in Suid-Afrika ondersoek en uitvind watter fantastiese sending jy as "Waterwagter" sal aanpak	
<b>Les 2:</b> Datum: _____  	<b>Les Twee: Waterwagters op 'n sending</b> <b>Wat kan ons leer oor die besparing en beskerming van water?</b> Sit jou speurhoed op en begin die ondersoek! In hierdie les word jy 'n kenner in waterbesparing deur navorsing te doen oor waterskaarste en maniere om water te bewaar. Jou speurwerk sal jou gemeenskap help om water slimmer te gebruik!	
<b>Les 3:</b> Datum: _____  	<b>Les Drie: Waterkennis-Superhelde</b> <b>Hoe kan ons ons kennis oor water met ander deel?</b> Dis tyd om jou waterwysheid met die wêreld te deel. In hierdie les hou julle 'n dinkskrum oor blink idees om ander oor water te leer by 'n spesiale <i>Water Warriors Awareness</i> geleentheid. Maak gereed om die nuus te versprei dat die water spat!	
<b>Les 4:</b> Datum: _____  	<b>Les Vier: Skep Kreatiewe Watermeesterstukke</b> <b>Hoe kan ons interessante materiaal skep om ons kennis te deel?</b> Laat loop met kreatiwiteit in hierdie les terwyl julle saam met vriende werk om ongelooflike materiaal vir jou Waterwagters-Bewustheidsgeleentheid te skep. Of dit nou plakkater, modelle of voorleggings, jou interessante skepping sal almal help om meer oor die belangrikheid van water te leer.	
<b>Les 5:</b> Datum: _____  	<b>Publieke Voorlegging: Waterwagters tot die redding – Bewustheidsdag!</b> Op hierdie spesiale dag sal julle as ware Waterwagters uitblink! Lê julle fantastiese feite voor en deel julle idees vir waterbesparing met medeleerders, onderwysers en gemeenskapslede. Saam sal julle almal inspireer om te beseft hoe belangrik water is en dit verantwoordelik te gebruik!	




**3** ENTREPRENEURSHIP  
 EMPLOYABILITY  
 EDUCATION



basic education  
 Department:  
 Basic Education  
 REPUBLIC OF SOUTH AFRICA




GRAAD **5**

# Les 1: Werkblad 1: Waarom is water belangrik?



Gebruik 'n vloeiagram en teken prentjies van waarvoor jy water gebruik van opstaantyd tot slaaptyd (jy kan soveel blokkies in die vloeiagram gebruik as wat jy wil).



**10 - 15  
Minute**

Hierdie aktiviteit aktiveer vorige kennis en die vaardigheid om dinge in volgorde te plaas.

Gaan na bladsy 8 en 9 in die Projekoorsig vir leiding. Gaan na bladsy 29 tot 33 as jy besluit om die waterskaarstespeletjie te speel en na bladsy 37 en 38 as jy meer teorie en idees benodig.



Lees in groepe deur die teks hieronder (of luister as jou onderwyser dit voorlees) en beantwoord die vrae wat volg. Dit het regtig in 2018 gebeur!

## Gevallestudie

In 2018 het Kaapstad, Suid-Afrika, 'n ernstige droogte beleef, wat beteken het dat daar nie genoeg water vir almal in die stad was nie. Hulle het die dag waarop daar nie meer water in die krane sou wees nie "Dag Zero" genoem. Maar die mense van Kaapstad wou nie hê Dag Zero moes plaasvind nie. Hulle het geweet dat dit swaar sou gaan sonder genoeg water, en dus het almal – ook besighede en ander groepe – opgekom met maniere om water te bespaar en meer doeltreffend te benut.

Hulle het onder meer die volgende gedoen:

- Mense aangemoedig om korter te stort en nie baddens vol te maak nie.
- Mense gevra om nie hul tuine so baie nat te spuit nie.
- Mense aangemoedig om reënwater op te gaar en te gebruik om plante nat te gooi en toilette te spoel.
- Besighede het waterbesparende tegnologie gebruik, water hergebruik, en werknemers opgelei in waterbewaring.
- Restaurante het water net op versoek bedien en papierborde en eetgerei gebruik om skottelgoedwas te verminder.
- Die stad het ook spesiale toestelle op waterpype geïnstalleer wat lekke kon opspoor en waarskuwings aan mense kon stuur om dit reg te maak. Dit het beteken dat lekke gou reggestel is en water nie vermors is nie.

Al hierdie pogings het Kaapstad gehelp om Dag Zero te vermy. Die mense van Kaapstad, besighede en ander groepe ingesluit, het saamgewerk om water te bespaar en doeltreffend te gebruik. Dit het beteken dat almal genoeg water gehad het om te drink, te kook, en hul daaglikse lewens te leef. 'n Mens moet onthou dat ons almal water moet bespaar, nie net gedurende droogtes nie. Water is 'n kosbare hulpbron en ons moet dit wyslik gebruik sodat daar nou en in die toekoms genoeg vir almal is.



Luister: Begrip

Lees die gevallestudie en vra leerders om prente te teken van enige item wat in die storie aangeraak word. Dit moedig aktiewe luistertegnieke aan.

Gebruik gerus enige gevallestudie wat waterskaarste demonstreer. Gee leerders tyd om die gevallestudie te lees, of lees dit vir hulle voor.

## Les 1: Werkblad 2: (vervolg)

### Wat kan ons leer oor die besparing en beskerming van water?



In pairs:

Skep vroe vir hierdie antwoorde. Onthou jou vraagteken aan die einde van die vraag.

1. **Vraag:** Wanneer

**Antwoord:** In 2018

2. **Vraag:** Wat

**Antwoord:** Dag Zero

3. **Vraag:** Wat

**Antwoord:** Besighede het waterbesparende tegnologie gebruik, water hergebruik, en werknemers opgelei in waterbewaring.

4. **Vraag:** Wat

**Antwoord:** Hulle het water net op versoek bedien en papierborde gebruik.

5. **Vraag:** Noem 3

**Antwoord:** Om kort te stort, nie hul plante nat te gooi nie en reënwater op te gaar.

6. **Vraag:** Waarom

**Antwoord:** Want daar moet nou en in die toekoms genoeg water vir almal wees.



Die skep van vroe aktiveer kritieke denke en sosiale betrokkenheid, doelgerigheid, aktiewe leer en leerderoutonomie (die Engelse Social Engagement, Purpose, Active Learning and Learner Autonomy in

**SPECIAL**)

Gaan na bladsy 37 en 38 vir meer inligting en teorie.

## Les 2: Werkblad 1:

### Wat kan ons leer oor die besparing en beskerming van water?



Lees hierdie teks in groepe en voltooi die 2 sirkeldiagramme. (Diagram 1: Maniere om water te bespaar en 2: Maniere om water te beskerm.)

#### Water is 'n probleem!

Daar is 'n groot probleem in Suid-Afrika omdat daar nie genoeg skoon water vir almal is nie. Baie mense gebruik die water op, en daar is nie genoeg oor vir ander om te drink, te kook, en te was/skoon te maak nie. Selfs nywerhede en besighede het water nodig, wat die probleem vererger.

Dit is belangrik om water in Suid-Afrika te bespaar omdat die land nie genoeg het nie. Hulle sê dat daar teen die jaar 2030 nie genoeg water vir almal sal wees nie. Dit is sleg vir die ekonomie en die natuur. Water raak ook soms vuil en besoedel. Dit kan mense siek maak en plante en diere beskadig.

#### Sirkeldiagram 1: Maniere om water te beskerm (Waterbewaring)





Sirkeldiagram 2: Maniere om water te bespaar


Verwysingsraamwerk:  
Hoe weet ek hierdie  
inligting?

Maniere om  
water te bespaar



In groepe:

1. Julle het 10 minute om aan soveel idees te dink as wat julle kan vir skeppende maniere om die inligting wat julle ingesamel het, te deel. Voltooi die borreldiagram en kyk met hoeveel idees julle in 10 minute kan opkom.
2. Kleur die borrels met die 4 beste idees in (Kan ons dit doen? Het ons die nodige hulpbronne? Is dit anders?)



Sien bladsy 15 in die Projekoorsig vir idees om skeppendheid te bevorder – byvoorbeeld om by die tyd te hou. Leerders sal meer kreatief wees as hulle onder druk werk. Mededinging (watter groep het die meeste idees binne 10 minute) sal ook help om idees te genereer. Hulle kan borrels byvoeg as hulle wil.



Ondernemingsgees is aktief aangesien die aktiwiteit Kommunikasie, Samewerking, Kritieke Denke en Kreatiwiteit aanmoedig.. Gaan na bladsy 44 en 45 in die Onderwysernotas is daar te min idees is.

Al die vaardighede in **SPECCIAL** word geaktiveer.

## Les3: Werkblad 2

### Keuse van 4 idees nadat ons hulle ontleed het



Gaan in dieselfde groepe terug na julle borreldiagramme. Bespreek en beoordeel die idees een vir een en ken sterre toe soos volg:

\*=sal nie werk nie/\*\*=kan werk/\*\*\*=sal werk

1. Skryf julle 4 beste idees neer en bespreek dit deur die volgende vrae te gebruik. Ken sterre aan elke vraag toe.

Skryf elk van die 4 beste idees in die onderstaande blokke neer	Kan ons dit behartig?	Is dit moontlik (het ons/kan ons die hulpbronne kry)?	Is dit interessant en anders?	Totale Sterre
Idee 1				
Idee 2				
Idee 3				
Idee 4				

2. Watter idee kom uit as die beste? As twee idees dieselfde hoeveelheid sterre kry, moet julle op een besluit. Kleur die ry met die beste idee in.



Hierdie is 'n aktiwiteit met hoër-orde denke waar leerders uitskakeling gebruik om te besluit.

Al die vaardighede in **SPECCIAL** word geaktiveer, en Kommunikasie, Samewerking, Kritieke Denke en Kreatiwiteit word ook gedek.



## Les 4: Werkblad 1:

### Hoe kan ons interessante materiaal skep om ons kennis te deel?



In dieselfde groepe:

1. Maak 'n rowwe skets van die artefak wat julle gekies het, hetsy model of plakkaat. Ongeag wat dit is, moet julle beplan voor julle dit maak. Vul op die diagram in watter hulpbronne julle moet insamel.

2. Bespreek waar julle die hulpbronne sal kry wat julle benodig, en wie wat sal bring.



As leerders besluit om 'n filter ('n mode)) te maak, gaan na bladsy 40 om te kyk hoe dit gedoen word. Laat leerders outonoom werk – hulle hoef nie 'n filter te maak nie. Enige objek of medium om bewustheid in die voorlegging te verhoog, sal voldoende wees (sien bladsy 40, 44 en 45 in die Onderwyserhulpbronne). Probeer help deur leerders op hulpbronne te wys, veral afvalprodukte wat kreatief aangewend kan word).

SECDAL word geaktiveer, asook Kommunikasie, Samewerking, Kritieke Denke en Kreatiwiteit.

## Les 4: Werkblad 2: Hoe kan ons interessante materiaal skep om ons kennis te deel?



Werk in groepe en voltooi die diagram om die stappe te toon by die maak van die produk wat julle gekies het (soos hoe om hulpbronne te vind, hulp te vra, en so meer).

**Stap 1**

**Stap 2**

**Stap 3**

**Stap 4**

**Finale Stadium/Produk**



Leerders moet aan elke stap probeer dink en die name van die groeplede invul wat vir die aksies verantwoordelik is.

Help deur leerders raad te gee oor hoe om die projekplan uitvoerbaar te maak. Dit is 'n aktiwiteit uit die werklike lewe en kan gebruik word om 'n verjaarsdagpartytjie te beplan.

Al die vaardighede in **SPECCIAL** word geaktiveer, en Kommunikasie, Samewerking en Kritisiese Denke word ook gedek.

## Nadenke na voorlegging van die projek:



Dink op jou eie na oor die projek en gee jou persoonlike terugvoer:

<b>DINK OOR WAT JY IN HIERDIE PROJEK GEDOEN HET, EN HOE GOED DIT GEGAAN HET. SKRYF JOU KOMMENTAAR HIERONDER NEER</b>	
Jou naam:	
Projeknaam:	
Wat was die dryfvraag?	
Wat was jou antwoord op die dryfvraag?	
Wat het jy geleer oor hoe om saam met ander te werk?	
Wat het gewerk/wat het jy geniet?	
Wat was goed aan die voorlegging van julle artefak, en wat het nie so goed gewerk nie?	
Wat wil jy verbeter wanneer jy saam met ander werk?	
Hoe kan jou onderwyser(s) hierdie projek verander om dit volgende keer beter te maak?	

# Rubriek vir Graad 5 Waterwagters Projekwerkblaaie (30 punte)



Kriteria	Uitstekend (5 punte)	Goed (4 punte)	Bevredigend (3 punte)	Kan beter (2 punte)	Swak (1 punt)	Punte
<b>Begrip van Inhoud</b>	Toon omvattende begrip van water se belang en bewaringstrategie. Identifiseer en verduidelik sleutelkonsepte korrek.	Toon goeie begrip van water se belang en bewaringstrategie. Geringe onakkuraathede mag voorkom.	Toon basiese begrip van water se belang en bewaringstrategie. Sommige sleutelkonsepte ontbreek of word onakkuraat verduidelik.	Toon beperkte begrip van water se belang en bewaringstrategie. Verskeie sleutelkonsepte ontbreek of word onakkuraat verduidelik.	Begrip van water se belang en bewaringstrategie ontbreek. Die meeste sleutelkonsepte ontbreek of word onakkuraat verduidelik.	/5
<b>Kreatiwiteit</b>	Lewer uiters kreatiewe en oorspronklike idees in die vloeiagram, sirkeldiagramme en borreldiagramme. Gebruik innoverende benaderings om inligting te deel.	Toon kreatiwiteit en oorspronklikheid in idees wat voorgelê word. 'n Paar innoverende benaderings word gebruik.	Toon 'n mate van kreatiwiteit in idees wat voorgelê word. Benaderings is meestal standaard met min oorspronklike elemente.	Toon beperkte kreatiwiteit. Idees is meestal standaard met min oorspronklike elemente.	Kreatiwiteit ontbreek. Idees is nie oorspronklik nie en volg standaard benaderings.	/5
<b>Samewerking</b>	Neem aktief aan groepwerk deel, toon uitstekende spanwerk. Dra by beduidend by tot besprekings en aktiwiteite.	Neem goed aan groepwerk deel, toon goeie spanwerk. Dra by tot besprekings en aktiwiteite.	Neem deel aan groepwerk met 'n mate van bydrae tot besprekings en aktiwiteite.	Neem minimaal aan groepwerk deel. Beperkte bydrae tot besprekings en aktiwiteite.	Neem nie doeltreffend aan groepwerk deel nie. Min of geen bydrae tot besprekings en aktiwiteite.	/5

## Rubriek vir Graad 5 Waterwagters Projekwerkblaai (30 punte)



Kriteria	Uitstekend (5 punte)	Goed (4 punte)	Bevredigend (3 punte)	Kan beter (2 punte)	Swak (1 punt)	Punte
<b>Kritiese Denke</b>	Toon uitstekende vaardigheid in kritiese denke. Ontleed inligting deeglik en formuleer weldeurdagte vrae en antwoorde.	Toon goeie vaardigheid in kritiese denke. Ontleed inligting goed en formuleer deurdagte vrae en antwoorde.	Toon basiese vaardigheid in kritiese denke. Ontleed inligting oppervlakkig. Vrae en antwoorde is voldoende.	Toon beperkte vaardigheid in kritiese denke. Minimale ontleding van inligting. Vrae en antwoorde is basies,	Vaardighede in kritiese denke ontbreek. Ontleed nie inligting doeltreffend nie. Vrae en antwoorde is swak.	/5
<b>Kommunikasie</b>	Kommunikeer idees duidelik en effektief. Gebruik gepaste taal en visuele hulpmiddels om begrip te verbeter.	Kommunikeer idees goed. Gebruik gepaste taal en 'n mate van visuele hulpmiddels om begrip te verbeter.	Kommunikeer idees voldoende. Taal is meestal gepas, met 'n mate van gebruik van visuele hulpmiddels.	Kommunikeer idees swak. Taal is soms ongepas, met minimale gebruik van visuele hulpmiddels.	Kommunikeer nie idees effektief nie. Taal is ongepas, en visuele hulpmiddels word swak gebruik of ontbreek.	/5
<b>Betrokkenheid en Deelname</b>	Toon hoë mate van betrokkenheid en aktiewe deelname deur die hele projek	Toon goeie betrokkenheid en deelname deur die hele projek.	Toon voldoende betrokkenheid en deelname deur die hele projek.	Toon beperkte betrokkenheid en deelname deur die hele projek.	Betrokkenheid en deelname ontbreek deur die hele projek.	/5
<b>Totale Punte</b>						/30



Les 1: Werkblad 1 – Waarom is water belangrik?			
	Beskrywers vir Onderwyser se kontrolelys:	Yes	No
1.	Het die leerder 'n vloiediagram gebruik om daaglikse waterverbruik van opstaan- tot slaapyd uit te beeld?		
2.	Is die prentjies of tekeninge duidelik en gepas vir die aktiwiteite wat beskryf word?		
3.	Het die leerder 'n verskeidenheid aktiwiteite wat deur die loop van die dag water verbruik ingesluit?		
4.	Was die vloei van aktiwiteite logies en in volgorde?		
5.	Toon die leerder begrip van hoe belangrik water in die daaglikse lewe is?		
<b>Puntetoekenning:</b>			
Elke kriterium tel 2 punte vir 'n totaal van 10 punte.			
Bykomende kreatiwiteit en detail kan tot 5 bonuspunte verdien.			
<b>Totaal: 15 punte</b>			

Les 1: Werkblad 2: Wat kan ons leer oor die besparing en beskerming van water?			
	Beskrywers vir Onderwyser se kontrolelys:	Yes	No
1.	Het die groep die teks deeglik deurgelees of met aandag na die onderwyser geluister?		
2.	Het die groep al die vrae korrek beantwoord?		
3.	Was daar detail in die antwoorde, wat goeie begrip toon van maniere om water te bewaar?		
4.	Het die groep voorbeelde verskaf van hoe water tydens Kaapstad se droogte bespaar is?		
5.	Het die leerders deelgeneem aan 'n bespreking oor tegnieke om water te bespaar?		
<b>Puntetoekenning:</b>			
Elke kriterium tel 2 punte vir 'n totaal van 10 punte.			
As kritiese denke getoon en bykomende voorbeelde verskaf is, kan dit tot 5 bonuspunte verdien.			
<b>Totaal: 15 punte</b>			



<b>Les 2: Werkblad 1 – Sirkeldiagram vir Waterbewaring</b>			
	<b>Beskrywers vir Onderwyser se kontrolelys:</b>	<b>Yes</b>	<b>No</b>
1.	Het die leerder 'n volledige sirkeldiagram geskep met verskeie maniere om water te beskerm?		
2.	Is die metodes om water te bewaar realisties en prakties?		
3.	Het die leerder inligtingsbronne korrek in die verwysingsraamwerk aangetoon?		
4.	Het die leerder aktief deelgeneem aan die uitdink van idees binne die tydsbeperking?		
5.	Het die groep deur samewerking met 'n verskeidenheid idees vorendag gekom?		
	<b>Puntetoekenning:</b>		
	Elke kriterium tel 2 punte vir 'n totaal van 10 punte.		
	Bykomende kreatiwiteit en innoverende idees kan tot 5 bonuspunte verdien.		
	<b>Totaal: 15 punte</b>		

<b>Les 3: Werkblad 2 – Kies 4 idees nadat dit ontleed is</b>			
	<b>Beskrywers vir Onderwyser se kontrolelys:</b>	<b>Yes</b>	<b>No</b>
1.	Het die groep teruggegaan na hul borreldiagram en elke idee deeglik bespreek?		
2.	Het die groep elke idee beoordeel en sterre volgens die riglyne toegeken?		
3.	Is die top 4 idees neergeskryf en volgens die riglynvrae bespreek?		
4.	Het die groep samewerkend op die beste idee besluit deur stertellings te vergelyk?		
5.	Het die groep eliminasiendoeltreffend gebruik om hul beste idee te finaliseer?		
	<b>Puntetoekenning:</b>		
	Elke kriterium tel 2 punte vir 'n totaal van 10 punte.		
	Doeltreffende gebruik van ontleding en besluitneming kan tot 5 bonuspunte verdien.		
	<b>Totaal: 15 punte</b>		



Les 4: Werkblad 1 – Die skep van interessante materiaal			
	Beskrywers vir Onderwyser se kontrolelys:	Yes	No
1.	Het die groep 'n rowwe skets van hul gekose artefak (model of plakkaat) geteken?		
2.	Is die nodige hulpbronne duidelik in die skets benoem?		
3.	Het die groep bespreek en beplan waar om hulpbronne te vind?		
4.	Was daar duidelike toewysing van take onder groeplede?		
5.	Het die groep kreatiwiteit in hul beplanning getoon?		
	<b>Puntetoekenning:</b>		
	Elke kriterium tel 2 punte vir 'n totaal van 10 punte.		
	Detailbeplanning en kreatiwiteit kan tot 5 bonuspunte verdien.		
	<b>Totaal: 15 punte</b>		

Les 4: Werkblad 2 – Voltooi die vloeiagram			
	Beskrywers vir Onderwyser se kontrolelys:	Yes	No
1.	Het die groep die vloeiagram voltooi met al die nodige stappe om hul produk te maak?		
2.	Was die stappe logies en in volgorde?		
3.	Het die groep verantwoordelikhede vir elke stap aan spesifieke lede toegeken?		
4.	Was die finale produk weldeurdag en uitvoerbaar?		
5.	Het die groep spanwerk en organisasie getoon?		
	<b>Puntetoekenning:</b>		
	Elke kriterium tel 2 punte vir 'n totaal van 10 punte.		
	'n Omvattende en realistiese plan kan tot 5 bonuspunte verdien.		
	<b>Totaal: 15 punte</b>		

Vir elke werkblad kan die totale punte aangepas word om 'n rubriek van 30 punte te pas deur die basispunte te verdubbel (10 kriteria x 2 punte elke = 20 punte) en die bonuspunte onveranderd te laat (5 bonuspunte x 2 = 10 bonuspunte), wat 'n totaal van 30 punte gee. Dit verseker konsekwentheid en regverdigheid met alle assesserings.





<b>Het die projek vir _____ (naam van leerder) gehelp om sy/haar vaardighede to ontwikkel?</b>	Ja	Nee
<p><b>Kritiese denke</b> is die vermoë om vrae te vra ten einde die wêreld beter te verstaan, om van inligting sin te maak, om die inligting te evalueer en om die inligting met ander inligting te verbind.</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Was daar 'n verskil in die leerder se kritiese denkvaardighede aan die begin van die projek in vergelyking met sy/haar denke aan die einde?</li> <li>• Het die leerder vrae gevra?</li> <li>• Het die leerder relevante en toepaslike inligting verkry, geëvalueer en dit toegepas om 'n probleem op te los?</li> <li>• Kon jy agterkom dat die leerder se denkvaardighede ontwikkel het?</li> </ul> <p>KOMMENTAAR: Wat het jy nog waargeneem? _____</p> <p>_____</p>		
<p><b>Kreatiwiteit en Innowering</b> is die vermoë om veelvuldige idees te genereer en dit realisties toe te pas om oplossings vir probleme te vind</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Het die leerder se kreatiewe innowering gegroei deur die loop van die projek?</li> <li>• Was daar 'n verskil in die leerder se kreatiewe denkvaardighede aan die begin van die projek in vergelyking met sy/haar kreatiwiteit en innowering aan die einde?</li> <li>• Het die leerder idees genereer en oplossings gesoek?</li> <li>• Het die leerder sy/haar kennis en ondervinding aangewend om oplossings te vind?</li> <li>• Het jy 'n verskil in die leerder se kreatiewe innoweringsvaardighede waargeneem?</li> </ul> <p>KOMMENTAAR: Wat het jy nog waargeneem? _____</p> <p>_____</p>		
<p><b>Samewerking:</b> is wanneer mense saamwerk om 'n taak te voltooi. Dit sluit die volgende in: samewerking en spanwerk en die deel van idees om 'n gemeenskaplike doelwit te bereik.</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Het die leerder sy/haar vermoë om met ander saam te werk deur die loop van die projek ontwikkel? Was daar 'n verskil in sy/haar samewerking as jy die begin en die einde van die projek vergelyk?</li> <li>• Het die leerder bewys gelewer van 'n vermoë om te skik, om ander se menings in ag te neem en om positief te bly in 'n konfliktsituasie?</li> <li>• Het die leerder by die sterkpunte van ander gebaat? (Het die span hulle hulpbronne in terme van kennis en vaardighede saamgevoeg?)</li> <li>• Was die leerder gewillig om te luister, empatie te toon en om nuttige terugvoer te gee en van die span te ontvang?</li> <li>• Het die leerder se samewerkingsvaardighede toegeneem?</li> </ul> <p>KOMMENTAAR: Wat het jy nog waargeneem? _____</p> <p>_____</p>		
<p><b>Kommunikasie:</b> is die uitdeel van inligting. Dit sluit in wat ons sê, (verbale kommunikasie) asook hoe ons dit sê (nie-verbale kommunikasie).</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Het die leerder sy/haar vermoë om nie-verbale leidrade soos stemtoon en lyftaal te gebruik deur die loop van die projek ontwikkel?</li> <li>• Was daar 'n verskil in hoe die leerder gekommunikeer het aan die begin van die projek in vergelyking met sy/haar kommunikasie aan die einde van die projek, bv. minder gemompel, 'n toepaslike stemtoon gebruik, teen die regte spoed gepraat?</li> <li>• Het jy 'n verandering waargeneem in die leerder se vermoë om dinge uit 'n ander persoon se perspektief te sien?</li> </ul> <p>KOMMENTAAR: Wat het jy nog waargeneem? _____</p> <p>_____</p>		